


Spesiaal
vir beginners — (Les 1)

Leer jou breipatrone beter verstaan


Die doel van ons reeks is om diegene te help, wat die basiese steke kan brei, maar patrone moeilik vind om te verstaan. Ons sal julle wys hoe om die patrone reg te lees. Daar is geen verskuilde geheim in die uiteensetting van 'n patroon nie — die afkortings word gebruik om vir die breister op 'n beknopte, verstaanbare manier, sonder voortdurende herhalings, uiteen te sit hoe 'n kledingstuk gemaak moet word. In die komende maande sal ons die afkortings wat in ons patrone gebruik word, verduidelik, maar as daar ander afkortings is wat julle nog dronkslaan, laat ons net weet!

DIE afkortings wat deurgaans in breipatrone gebruik word, word gewoonlik voor die aanwysings in 'n paragraaf saamgevat, en, indien daar verskillende ontwerpe gegee word, sal daar meestal een stel afkortings wees wat op alle kledingstukke betrekking het.

Ongelukkig is daar geen universele uiteensetting of bewoording vir afkortings nie, maar dié wat algemeen gebruik word, is gewoonlik dieselfde. Hulle sal in die meeste patrone aangetref word. Dit is ook nodig om te begryp waarom jy inderdaad volgens 'n bepaalde metode verminder, vermeerder of patroonsteek brei, daarom sal ons verduidelik waarom 'n bepaalde metode gevolg word soos ons vorder.




A: r2 tes.



B: voltooië beweging.

Baie lesersesse het geskryf en gevra hoe hulle kan leer om aranpatrone te brei, en hoe die meer ingewikkelde kantpatroontjies gebrei word. Dié patrone vereis wel 'n bietjie meer geduld, maar as in ag geneem word dat daar wesenlik slegs twee steke in breiwerk is — regs en aweregs — en dat dit slegs die slim manier is waarop dit gekombineer en gemanipuleer word wat dié patrone skep, dan behoort niks meer te moeilik te wees wanneer die afkortings eers goed begryp word nie.




C: r2 tes adl.

DEEL I: Die term vermin (verminder)

Om te vermin beteken om die getal steke, minder te maak en hier is die twee metodes waarvan meestal gebruik gemaak word.

1. Wanneer die getal steke aan die begin of einde van rye verminder moet word om die rande van mousgate, halsopeninge of moukoppe te vorm, is dit gebruikelik dat aanwysings slegs lui „vermin 1 st aan albei kante van ry”. Wat jy eintlik doen, is twee steke saam brei, sodat een steek verminder word. In die afgekorte vorm, waar dit nodig is om meer uitdruklik te wees word geskryf **r2 tes** (brei twee steke tesame). Dié afkorting word ook gebruik wanneer patroonrye uiteengesit word.

Om r2 tes te brei word regterbreinaald in



D: albei lusse gly af.

voorkant van eerste 2 steke op linkernaald gestee, hulle word dan tesame soos 1 steek gebrei (foto A) en daarna toegelaat om saam soos 1 steek af te gly (foto B).

2. Waar eenvormige vorming vereis word om die lyn van die breiwerk weerskante te volg, word die vermindering aan die begin van die ry gewoonlik r2 tes gebrei, maar aan die einde van die ry word die vermindering gemaak deur in die agterkant van die lusse te brei, dit word geskryf **r2 tes adl** (brei twee steke tesame deur agterkant van lusse). Wanneer die vermindering voltooi is, lê die steek na die linkerkant van die werk.

Om r2 tes adl te brei word regternaald in agterkant van eerste 2 steke op linkerbreinaald gestee en die steke dan saam soos 1 steek gebrei (foto C). Laat dan albei lusse saam van linkerbreinaald afglip (foto D).

Later sal ons julle wys hoe vermindering gemaak word vir volgefattoeneerde kledingstukke wat 'n baie meer professionele, klassieke voorkoms daaraan gee.